NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

# AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur | 100 punte

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

IEB Copyright © 2024

## AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL

### VRAAG 1

1.1 'n Paradoks is 'n stelling wat homself weerspreek/'n mening wat in stryd is met algemene opvattings.

Die titel kan dus as 'n paradoks gesien word omrede kuier hier skynbaar teenstrydige eienskappe het: lekker en sleg. (B4)

1.2 soveelste/hoeveelste (B1)
Die woord "suffelste" word gewoonlik in geselstaal gebruik. Die rubriek-skrywer gebruik die woord om die rubriek meer persoonlik en/of intiem te maak/om die indruk te skep dat sy op 'n gesellige manier met die lesers van die rubriek kommunikeer. Die woord "suffelste" aap die verouderde uitspraak van die woord "soveelste" na/die rubriekskrywer wil 'n informele toon aanslaan. (B3)

1.3 Metingskaal vir 2 punte:

Verwagte inhoud:

Die rubriekskrywer impliseer dat die mens inherent van geselskap en gemeensaamheid hou. Sy impliseer dus dat ons instinktief op mekaar staatmaak vir ons oorlewing veral in 'n gemeenskap. (B5)

1.4 Sy dui 'n kontras/teenstelling tussen die verskillende tipes kuiers aan. Dit is funksioneel omdat sy wil uitwys dat hoewel 'n "lekker kuier" volgens die rubriekskrywer een van die "plesierigste seëninge van onse kudde-bestaan is", nie alle kuiers aangenaam is nie. Die res van die rubriek handel oor een van die minder plesierige kuiers wat die rubriekskrywer as kind beleef het. (B3)

1.5 vroeë/wat verby is/verbygegane (B2)

1.6 Hy beweer hulle het die nagmaalwyn wat na die erediens oorgebly het, opgedrink. Hy het 'n draai aan die oor gekry omdat hy hom uitgelaat het oor wat hy vermoed ouderlinge na die erediens gedoen het en dit was/is nie gepas vir kinders om 'n uitlating oor die doen en late van grootmense te maak nie/hy geïnsinueer het dat die ouderlinge skelm drink. (B3)

1.7 In die HAT Aanlyn word die woord "ootmoed" (paragraaf 3) soos volg gedefinieer:

1.7.1 Die [vokaalletter(s) in die] beklemtoonde sillabe word onderstreep. [Indien die kandidaat nie spesifiek na die vokaalletter(s) verwys nie, maar slegs na die beklemtoonde sillabe, kan die punt steeds toegeken word.] (B1)

1.7.2 Selfstandige naamwoord (B1)

1.7.3 "(Groot) nederigheid" pas die beste binne konteks van die paragraaf in omdat die gesin hulself nie as belangriker as ander gesien het nie.

"Beskeidenheid" is ook gepas omdat die gesin nie aanmatigend of spoggerig was nie en die Van Aswegens aan huis ontvang het. (B4)

1.8 Die Van Aswegens se superkrag was hulle kleefkrag en hulle het penwortel geskiet. Hulle het dus, ten spyte van die feit dat hulle nie regtig welkom was nie, bly sit en bly kuier./Oom Liefie was baie lief vir praat. (B3)

1.9 Na die eerste dubbelpunt volg die se pa se opdrag aan die ma om die kos te rek en meer te maak.

Na die tweede dubbelpunt volg die pa se opdrag aan die boetie om buite met die kinders te gaan speel. (B2)

1.10 Ingenieurs word as verbeeldingloos gesien/hulle het nie baie sosiale vaardighede nie/hulle is te analities/hulle is baie rigied/ingenieurs het nie 'n sin vir humor nie/hulle het 'n beperkte belangstellingsveld. (B4)

1.11 Mense met intelligensie en verbeelding en wat kan lag. Sy sal ook graag lesers wat goed weet aan haar tafel wil hê. Nog 'n voorwaarde is dat hulle goeie luisteraars moet wees. Hulle moet ook nuuskierig wees.

Ten minste TWEE karaktereienskappe of voorwaardes moet genoem word vir TWEE punte. (B3)

1.12 Die lys is nie werklik nie.

Bloot 'n voorstel van die tipe mense wat die skrywer graag as gasvrou wil ontvang.

Meeste van hierdie mense is ook reeds oorlede so dit sou redelik moeilik wees om dit enigsins reg te kry.

Die mense ken die rubriekskrywer nie persoonlik nie en sal moontlik nie 'n uitnodiging na 'n kuier aanvaar nie. (B3)

1.13 Metingskaal vir 3 punte:

Verwagte inhoud:

Die rubriekskrywer dink terug aan haar kinderdae waar daar heel moontlik 'n meer formele Afrikaans deur veral die ouer garde gepraat is. Dit is daarom gepas dat sy soms verouderde, maar tog goeie, deftige Afrikaans in haar rubriek gebruik om op so manier die leser te verplaas na haar kinderdae.

Bygesê, hulle het sopas uit die kerk gekom en die gesin kom hulle Christelike plig na deur die Van Aswegens te vergas. Die effens verouderde taal laat die teks meer vroom (Bybels) klink. (B4)

IEB Copyright © 2024

**VRAAG 2**

2.1 2.1.1 Hiperbool. (B1

2.1.2 Dit impliseer dat die rubriekskrywer terneergedruk/moedeloos/ hartseer/depressief was oor al die negatiewe rubrieke oor dit wat in ons land aangaan. (B4)

2.2 Enige een van die skryftekens asook funksie daarvan.

"g'n" – afkappingsteken: dui aan dat een of meer klank(e) nie uitgespreek word nie/elisie.

"A-gradering" – koppelteken: verbinding met konstruksies wat nie woorde is nie/in verbindings met syfers, simbole, lettername, afkortings en akronieme. (B3)

2.3 onmiddellik (B1)

2.4 Kappie: Die vokaal word as 'n lang klank uitgespreek word./
Kappie: dit verander die uitspraak van die vokaal. (B2)

2.5 doodreg/bakgat/dooddollies/piekfyn/uitstekend/klopdisselboom (B3)

2.6 Dit dui op die beskeidenheid van die klein lughawetjie (litotes). (B3)

2.7 'n Nuwe restaurant, Chorus, is deur Bertus Basson, almal se gunstelingsjef, oopgemaak.

**OF**

Chorus, 'n nuwe restaurant, is deur Bertus Basson, almal se gunstelingsjef, oopgemaak. (B1)

2.8 Jislaaik – uitroep van verbasing/verwondering. (B2)

2.9 Metingskaal vir 2 punte:

Verwagte inhoud:

Argaïese voorbeeld: Moenie die dag voor die aand prys nie.
Kandidate moet hul eie uitdrukking neerskryf. (B6)

## VRAAG 3 TEKSVERWERKING

**Opdrag:**

Skryf nou 'n artikel met die opskrif: "Redes om mal te wees oor Suid-Afrika". Jou artikel moet 'n kort inleidende paragraaf van nie meer as twee sinne nie insluit.

Sien globaal na. Gee krediet vir koherente sinne wat in die kandidaat se eie woorde uitgedruk word.

Bepaal eers in watter van die vyf bande die geskepte teks val, aan die hand van die beskrywings hieronder, en besluit dan (na aanleiding van die detail van die kandidaat se teks) op watter vlak in die band die spesifieke teks lê.

| Uitstekend | Goed | Gemiddeld | Ondergemiddeld | Baie swak |
|---|---|---|---|---|
| 10 | 8 | 6½ | 5 | 3 |
| 9 | 7½ | 6 | 4½ | 2 |
| 8½ | 7 | 5½ | 4 | 1 |

Nota: in die onderstaande vlakbeskrywings beteken "teks" die verwerkte teks wat kandidate moet skep (hulle antwoorde op Vraag 3), en "gegewe teks" beteken die teks wat aan kandidate voorsien word om te verwerk (die teks in die Addendum tot die vraestel).

**Uitstekend:** Kandidate wat 'n baie goeie teks skep, **een wat aan al die instruksies voldoen**, demonstreer dat hulle suksesvol relevante inligting uit die gegewe teks kan selekteer. Kandidate sal die inligting kundig sintetiseer om in die nuwe konteks te pas en te voldoen aan die spesifieke vereistes van die teksverwerkingstaak. Die register sal konsekwent gepas wees, en die teks sal op eie bene kan staan as 'n suksesvolle, geïntegreerde teks. Uitdrukking sal uitstekend wees en 'n bemeestering van die taalgebruik demonstreer. Vol en koherente sinne sal gebruik word, wat lei tot 'n goed gevormde, stilisties superieure teks. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 9 punte ontvang.

**Goed:** Kandidate wat 'n goeie teks skep, sal daartoe in staat wees om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal die gekose aspekte kan sintetiseer en oordra in hul eie woorde. **Die teks sal voldoen aan die meeste van die vereistes soos gespesifiseer in die instruksies.** Kandidate sal die gepaste register gebruik en dit sal deur die hele teks volgehou word. Die uitdrukking in sulke tekste sal helderheid demonstreer wat nie teenwoordig is in die gemiddelde teks nie. Vol en koherente sinne sal gebruik word en sal deur die hele teks volgehou word. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 7 punte ontvang.

IEB Copyright © 2024

**Gemiddeld:** Kandidate wat 'n gemiddelde teks skep, sal 'n vermoë demonstreer om te onderskei watter aspekte van die gegewe teks relevant is, en sal hierdie aspekte meestal in hul eie woorde kan stel. **Die teks mag dalk nie voldoen aan die belangrikste vereistes soos gespesifiseer in die instruksies nie.** Daar mag voorbeelde wees van direkte aanhaling of insinkings wat foutiewe seleksie, die verkeerde klem, of probleme met sintetisering vertoon. Die register sal meestal gepas wees vir die taak, al kan kleiner insinkings voorkom. Uitdrukking sal bloot vaardig wees en daar mag gebreke wees in die konstruksie van volsinne. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 5½ punte ontvang.

**Ondergemiddeld:** Kandidate wat 'n ondergemiddelde teks skep, sal meestal 'n vermoë demonstreer om relevante aspekte van die gegewe teks te onderskei, maar mag dit dalk nie effektief in hul eie woorde kan stel nie. In sommige gevalle sal groot dele van die oorspronklike teks direk gebruik word. Dit is moontlik dat die register nie gepas sal wees nie of dat die teks nie aan die vereistes van die taak sal voldoen nie. Uitdrukking is bes moontlik gebrekkig, maar sal nie begrip inperk nie. 'n Teks in hierdie kategorie wat die woordperk oorskry, kan 'n maksimum van 4 punte ontvang.

**Baie swak:** Kandidate wat baie swak tekste skep, sal 'n uiters beperkte begrip van die gegewe teks demonstreer. Dit sal blyk uit die onvermoë om gepaste dele uit die gegewe tekste te selekteer om te gebruik in die finale teks, of deur uitgebreide knip en plak uit die gegewe tekste. Register sal onvanpas wees. Uitdrukking is bes moontlik power en belemmer begrip.

Nadat jy die punt bepaal het volgens die beskrywings en metingskaal hierbo, hou die volgende instruksies in gedagte:

- Hou op lees vanaf 10 woorde oor die woordperk.
- Trek 1 punt af indien geen woordtal aangedui word nie, of as 'n onverskoonbaar onakkurate woordtal aangedui is.

**Feite-lys:**

- Suid-Afrika het 'n matige klimaat.
- Sutherland is een van die wêreld se top-sterrekykbestemmings en die tuiste van die SALT-navorsingsteleskoop.
- Ons het 'n diverse ekologie, natuurlike diversiteit en landskappe.
- Modjadjiskloof se reusebroodbome is 'n moet sien.
- In die winter is die Oos-Kaap se blommende aalwyne 'n belewenis.
- Mpumalanga se kosmosvelde is iets besonders.
- Die windpompe in Suid-Afrika is ook uniek.
- Tafelberg.
- Bosveldvure.
- St Lucia se seekoeie wat saans in die dorpie loop.
- Ons parke met hul Vyf Grotes.
- Magoebaskloof se tuine is asemrowend in die lente.
- Ons Suid-Afrikaanse humorsin is uniek.
- Ons het ook unieke en eiesoortige plekname.
- Ons is een van die lande wat die Rugbywêreldbeker al twee keer gewen het.

IEB Copyright © 2024 

**Belangrik:**

Kandidate mag nie hulle eie idees of feite invoeg nie. Hulle hoef egter nie al die feite hierbo te gebruik nie – daar is te veel.

**Voorbeeldantwoord:**

**REDES OM MAL TE WEES OOR SUID-AFRIKA**

Ons woon in 'n unieke land soos geen ander land ter wêreld nie.

Suid-Afrika het 'n matige klimaat en ons silwerskoon lug maak sterrekyk in Sutherland 'n wêreldklaservaring.

Ons land is vol ekologiese diversiteit. Dink maar aan die reusebroodbome in Modjadjiskloof en die vlamrooi winteraalwyne in die Oos-Kaap.

Tafelberg is wêreldbekend en ons bosveldvure is eg Suid-Afrikaans. Waar anders in die wêreld kan jy 'n seekoei raakloop by 'n petrolstasie – net in St Lucia!

Ons humorsin en plekname is uniek; om nie eens te praat van die feit dat ons al twee keer Rugbywêreldbekerkampioene was nie!

Bloomsvlakverdeling vir Vraag 3:

| Vlak | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Punt | 1 | 2 | 3 | 2 | 1 | 1 |

IEB Copyright © 2024

## AFDELING B POËSIE

## VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

4.1 Die gedig verskil van die tradisionele Italiaanse sonnet deurdat die oktaaf van kruisrym i.p.v. omarmde rym gebruik maak. Daar is nie 'n duidelike wending in die sestet teenwoordig nie. Die slotkoeplet toon eerder 'n verwantskap met die Engelse sonnet as gevolg van die aaneenlopende gedagte-eenheid wat opbou tot 'n hoogtepunt in reël 13 en 14, waar die spreker se verdrietigheid uiting kry in die uiterlike handeling van trane wegvee. (B3)

4.2 **Verduideliking van impressionisme:** Impressionisme is die voorstelling van 'n vervlietende oomblik (karakter/emosie/toneel) soos sensories deur die skrywer/skilder waargeneem.

**Waarom gedig as impressionisties gesien word:** Hier vang die digter 'n vervlietende oomblik vas in digvorm. Haar ervaring van eensaamheid en waarneming van die skoonheid rondom haar word vasgevang. [Let ook op ander aanvaarbare interpretasies wat impressionisties hier van belang sou wees.] (B2)

4.3 4.3.1 Alliterasie van die s-klank. (B1)

4.3.2 Die s-alliterasie help om die toon en stemming van die gedig te skep. Dit is soos 'n fluistering en skep 'n rustige, gevoelige atmosfeer. (B4)

4.4 In reël 9 kan dit dui op onsekerheid en hef die gevoel van verwardheid uit. Dit is geslaagd omrede die digter in die strofe noem dat haar herinneringe deurmekaar en vaag is, wat die gevoel van onsekerheid en verwardheid ondersteun. Die ellips gee dus vir lesers die geleentheid om die verwardheid te verbeel. (B4)

4.5 Skoonheid vergaan./Iets kosbaars kan nie vir altyd behou word nie./Skoonheid is ontwykend./Herinneringe is vervlietend – die emosie word onthou, maar die detail of oorsaak daarvan word deur tyd vervaag. (B2)

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG

5.1 Die titel is uiters geslaagd. Die woord "brief" in die titel impliseer die geografiese afstand en verwydering tussen hom en sy ouers. Dit word verder bevestig deur die duidelike onderskeid tussen "ek" en "hulle", "hier" en "daar" in die gedig. ['n Legio ander moontlikhede bestaan natuurlik ook hier bv. die aanvanklike positiewe lading van "vakansie", wat later gevul word met verlies en verharding teen die pynlike aanslae van die lewe.] (B3)

5.2 Die spreker stel sy ouers se geloof as iets wat buite sy eie geloofsoortuiging val; veral in die woordkeuse van 'Gij' wat selfs 'n talige afstand skep tussen spreker en sy ouers se God. (B3)

5.3 bokser – vegter
dokter – heler
kaptein – leier
held – brawe mens
indoena – wysgeer
boer – aards/voorsiener (B2)(B4)

5.4 Metingskaal vir 3 punte:

Verwagte inhoud:

- Die herhalende gebruik van "ek treur"/"treur ek", "huil ek" – die spreker is hartseer oor sy ouerwordende ouers, treur oor die herinnering aan sy ouers/treur oor die pogings om hom te beskerm met hulle gebede/treur oor kinderherinneringe en liefdevolle versorging.
- "sterf" – in die digter se afwesigheid sterf sy ooms wat dui op verlies. Dit sluit aan by die elegiese toon omdat dit verwys na die mens as 'n sterflike wese en dat die dood nader aan sy ouers kom.
- "ek treur"/"treur ek" – die digter treur ook oor die fisiese en emosionele afstand tussen hom en sy ouers. (B4)

**OF**

IEB Copyright © 2024

**VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG: KEUSEVRAAG**

6.1 Die titel is uiters geslaagd. Die woord "ecce homo" in die titel verwys na die woorde van Pilatus: "Kyk na die mens." Dit word verder bevestig deur die kritiese, spottende wyse waarop die spreker die mens beoordeel. Die Latynse woordkeuse laat dit ook klink na 'n wetenskaplike benaming wat die mens objektiveer – asof die mens 'n spesimen is wat ondersoek word. (B3)

6.2 Die woord "handeviervoet" word in teenstelling met die "regopstaan" van die eerste retoriese vraag gebruik. Die spreker wil hierdeur beklemtoon dat die mens in verskillende situasies beter daaraan toe sou wees as hy/sy handeviervoet bly loop het. (B3)

6.3 "Faust" – JW Goethe
"relatiwiteitsteorie" – Albert Einstein
"appel"/"boom" – Adam en Eva
"beskilder"/"steiers"/"plafonne" – Michelangelo (B2)

6.4 Metingskaal vir 3 punte:

Verwagte inhoud:

- Reël 1 en 2 spot met die evolusieproses van die mens.
- Die woorde "tog nie net" spot met die mens se soeke na kennis.
- "want waarvoor?" – die spreker bevraagteken die doel van die relatiwiteitsteorie en spot dus indirek daarmee.
- Die spreker noem die mens spottend 'n "dwaas". (B4)

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG: VERPLIGTE VRAAG

7.1 Nie 'n vaste rympatroon nie.
Nie 'n vaste strofebou nie.
Min of geen gebruik van hoofletters.
Geen vaste ritme nie.
Gedig bestaan uit slegs twee sinne/twee grammatiese uitinge. (B1)

7.2 "doelgerigte" (B1)

7.3 7.3.1 Daar word gesuggereer dat die fotodag soos 'n toneelstuk is en dit nie 'n ware weerspieëling van die leerders is nie. Dit is bloot voorgee.

Beide woorde het met die toneelwêreld te doen. (B4)

7.3.2 In die regte wêreld het almal verskillende beroepe, verskillende suksesse en verskillende prestasies behaal. Net soos op skool./Die fotodag is 'n oefening vir die valsheid (of voorgee) wat op hulle wag in die volwasse wêreld. (B3)

7.4 Metingskaal vir 3 punte:

Verwagte inhoud:

Hy besef dat hulle as tieners baie selfversekerd was en is verleë omdat hulle as volwassenes die selfvertroue verloor het en glad nie meer as volwassenes so selfversekerd is nie.

Dit is geregverdig omdat hulle as grootmense met die grootmenswêreld gekonfronteer is en nie besef het watter vereistes dié wêreld aan hulle sal stel nie.

Dit is nie geregverdig nie, want dit is die spreker se eie subjektiewe ervaring van grootmenswees. Die ervaring is nie vir almal dieselfde nie. (B4)

IEB Copyright © 2024

## AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID EN KRITIESE TAALBEWUSTHEID

## VRAAG 8 ADVERTENSIE

Verwys na beide Teks 8A en Teks 8B.

8.1 In beide advertensies kom foute voor.

8.1.1 Teks 8A: sonsondergangsafari

8.1.2 Teks 8B: op pad (B4)

8.2 **Tegniek: retoriese vraag**
Dit is geslaagd, want dit laat die leser Suid-Afrika as 'n toerismebestemming oorweeg. Dit laat die leser dink dat Suid-Afrika 'n opsie vir 'n vakansie is. Die leser word dus deur die retoriese vraagstelling subtiel beïnvloed.

**Tegniek: opdragstyl**
Dit is geslaagd, want die direkte opdragte in beide advertensies kan 'n leser subtiel beïnvloed om Suid-Afrika as vakansiebestemming te oorweeg.

**Tegniek: retoriese vraag**
Dit is nie geslaagd nie omrede die omslagtigheid van die vraag; veral in Teks8B. In beide Teks8A en Teks8B kan die antwoord op die retoriese vrae in die negatief beantwoord word wat die besluit om Suid-Afrika te besoek, beperk.

**Tegniek: opdragstyl**
Lesers kan voel hulle word gemanipuleer deur die opdragte in die advertensie en dit kan hulle afsit om Suid-Afrika te besoek.

Oorweeg ander gemotiveerde antwoorde. (B3)

8.3 Teks 8A – natuurliefhebbers/ekotoeriste/buitelug-liefhebbers.
Teks 8B – sluit 'n wyer tipe toeris in. Wynliefhebbers/mense wat die kunste waardeer, fynproewers en mense wat hou van fisiese aktiwiteite soos bergklim. (B2)

8.4 Metingskaal vir 4 punte:

Verwagte inhoud:

Teks 8A is die effektiefste. Die een foto wat die hele advertensie beslaan, fokus onmiddellik die leser se aandag op dit wat Suid-Afrika die toeris kan bied, naamlik 'n natuurbelewenis/safari-belewenis met die wêreldbekende Afrika-sonsondergang. Die bewoording dui ook daarop dat nie net Suid-Afrika besoek kan word nie, maar dat SAL direkte verbindings bied na ander lande in Suider-Afrika. Dit kan meer toeriste lok omdat hulle nie slegs tot Suid-Afrika beperk is nie, maar die hele Suider-Afrika kan beleef en besoek.

Die advertensie is ook kort en kragtig met min bewoording en kort sinne wat dadelik trefkrag het omrede dit nie omslagtig is nie en hoofsaaklik steun op die emosionele reaksie op die foto.

Teks 8B is die effektiefste. Die toeris word opsies gewys deur die verskillende foto's en wys op dit wat Suid-Afrika (Kaapstad) die toeris bied, naamlik 'n verskeidenheid gesofistikeerde aktiwiteite. Die bewoording is verduidelikend en oorredend en verduidelik die voornemende toeris wat hy/sy alles kan verwag in Suid-Afrika. (B5)

## VRAAG 9

9.1 Hulle het albei iets te drinke in die hand. (B1)

9.2 Man en vrou/getroud – hy spreek haar as "Bokkie" aan. Hulle is ouer, so die troetelnaam dateer uit die jare toe hulle nog na mekaar gevry het. (B2)

9.3 9.3.1 Woede/inspanning word deur die man en vrou wat die bank dra, ervaar. Verbasing word deur die sittendes op die bank ervaar. (B1)

9.3.2 Verbasing – oë is groot gerek/wenkbroue is gelig.
Woede/inspanning – beide die persone wat die bank dra, frons en hul oë is op skrefies getrek in woede en/of inspanning. (B2)

9.4 Ons kan aflei dat die mense op die bank heel moontlik slegs 'n aand by die mense wat hulle op die bank uitdra, sou bly. Ons kan ook aflei dat hulle langer as slegs een aand oorgeslaap het en dat hulle langer gebly het as wat hulle welkom was. (B2)

9.5 Teks 1 in die Addendum gaan oor lekker, gesellige kuiers, maar dat nie alle kuiers altyd aangenaam is nie.

Die spotprent beeld 'n kuier uit waar die gaste langer gebly het as wat hulle welkom was. Dit is dus nog 'n voorbeeld van 'n kuier wat die gasheer en gasvrou se siel verskrompel het. (B4)

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024

## METINGSKAAL

Hierdie metingskaal word gebruik om die volgende vrae na te sien: 1.3; 1.13; 2.9; 5.4; 6.4; 7.4 en 8.4

| VLAK EN BESKRYWINGS | 4 PUNTE | 3 PUNTE | 2 PUNTE |
|---|---|---|---|
| **Die uitstekende/baie goeie respons**<br>• Is volledig/gedetailleerd met spesifieke verwysing na die gegewe teks en opdrag;<br>• Maak insigryke/spesifieke konneksies tussen die opdrag en die teks;<br>• Integreer alle elemente, toon 'n duidelike begrip van hoe dele bydra tot 'n groter geheel;<br>• Maak gebruik van gesofistikeerde taalgebruik. | 3½–4 | 3 | 2 |
| **Die redelike respons**<br>• Maak redelike verwysing na die gegewe teks en die opdrag;<br>• Maak konneksies tussen die opdrag en die teks;<br>• Gee 'n bewys/bewyse dat die konteks begryp word;<br>• Toon 'n gedeeltelike begrip van die samehangende geheel;<br>• Maak gebruik van redelik goeie taalgebruik. | 2–3 | 2 | 1 |
| **Die onvolledige respons**<br>• Verwys na die teks en/of opdrag in die algemeen;<br>• Is soms onakkuraat en oorvereenvoudig;<br>• Demonstreer konkrete denke en 'n onvolledige begrip van die elemente;<br>• Maak gebruik van swak taalgebruik wat steurend word. | 1–1½ | 1 | ½ |
| **Die onvoldoende respons**<br>• Verwys glad nie na die teks en/of die opdrag nie;<br>• Beantwoord nie werklik die vraag nie weens 'n gebrek aan begrip;<br>• Maak gebruik van ontoereikende taalgebruik;<br>• Of verskaf geen poging om die vraag te beantwoord nie. | 0–½ | 0 | 0 |

Die nasiener mag 'n halfpunt meer of minder gee as wat die matriks toelaat om taalgebruik wat beter as die inhoud is, te beloon, of om taalgebruik wat swakker as die inhoud is, te penaliseer.

By elke vraag wat hierbo genoem is, verskaf die nasienriglyne tipiese inhoud wat by die vraag verwag kan word. Die nasiener moet egter die kandidaat se aanbod op eie meriete oorweeg en dit nie bloot meet teen die moontlikhede in die nasienriglyne nie.

IEB Copyright © 2024